NECC, 1987: *What is History?* A New approach to history for students, workers and communities. Skotaville Educational Division. pp. 102 R5.95.

E.H. Carr sê in sy werk *What is History?* Geskiedenis ". . . is a process of selection in terms of historical significance" (p. 105). Die publisering van die National Education Crisis Committee se oefenboek vir studente, werkers en gemeenskappe voldoen volkome aan hierdie basiese premis. Die probleem is net dat beide die NECC én die bepaalde inhoude wat "in terms of historical significance" geselekteer is (moontlik) as hoogs omstrede beskou kan word.

Aan die einde van Februarie 1988 is sewentien organisasies, waaronder die NECC, ingevolge die noodmaatreëls die stilswye opgelê. Daarbenewens is die keuse van inhoude erg aanvegbaar. *What is History?* is saamgestel met die oogmerk om uitdrukking te gee aan die NECC se "people's education programme" naamlik "to formulate our own history syllabus, which will include people's perceptions of what history is, international and African history" (R. van den Heever (Red.)), *Alternative Education. Vision of a Democratic alternative,* p. 1.

Die netjiese publikasie bevat 37 aktiwiteite wat in vier eenhede verdeel word t.w. Waarom 'n studie van Geskiedenis? Wat gebeur in Geskiedenis? Tyd in Geskiedenis en Werk soos 'n historikus.

Basies word sekere vaardighede (skills) ingeoefen soos getuienis-insameling, chronologie, oorweging van feite, analise, seleksie, interpretering en sintese. Die werk leun swaar op die Britse Schools Council gedagtegang van vaardigheidsverwerwing en is as sodanig verfrissend.

Om terug te keer na die inhoude wat geselekteer is om bogenoemde aktiwiteite toe te pas. Vir die konserwatiewe belangstellende mag dit ontstellend, selfs uittartend voorkom. Vir die objektiewe waarnemer mag dit oorspronklik wees. Vir 'n voorstander van People's Education is dit tegelyk prikkelend én bevredigend.

Die inhoude het te make met Swartverdrukking vanaf die vroegste kontak met Witmense maar veral sedert 1948. Sharpville, Soweto en stakings staan in die sentrum van die ondersoek. As sodanig het dit weinig appèl op 'n wit gehoor, eenvoudig omdat húlle nie in daardie posisie verkeer nie.

Hierdie feit stel egter 'n belangrike vraag aan die leser. Is die inhoud objektief byeengevring of speel die uitgangspunt "if you do not understand the past, it is more difficult to change the present" die deurslaggewende rol? Simplisties gestel: word objektiwiteit nie ingeboet ter wille van 'n bewusmaking van die "people" van 'n geskiedenis van onderdrukking nie? Om die saak van 'n ander kant te bekyk: wie se geskiedenis en watter tydperk se geskiedenis figureer in leerplanne wat onder die huidige regering saamgestel word? Is die klagtes dat die huidige geskiedenishandboeke eensydig Afrikanergerig en bevooroordeeld is dan alles kafpraatjies?

Die NECC voer aan dat People's Education maar net die massa se alternatief vir "gutter education" is - dat dit 'n alternatief is vir Christelik-Nasionale Onderwys. En as daar mense is wat "alternatiewe" onderwys behoort te verstaan, dan is dit juis die Afrikaner. In die woorde van Franklin Sonn: "People's Education kan gelyk gestel word aan CNO. Hy is gehaak aan die vryheidstryd". (Die Suid-Afrikaan, Nr. 15, Junie/Julie 1988, p. 18).

Hierdie resensie is nie daarop gerig om 'n aller-antwoord op alternatiewe geskiedenis vir die massa of die huidige handboeke te gee nie. Myns insiens lê die waarde van dié publikasie (ook) in die verskillende oefeninge wat onder loep geneem word. Onderwysers wat in die junior sekondêre fase geskiedenis onderrig, sal dit van groot didaktiese hulp vind. So iets is nie te vinde in die normale opleidingspraktyk nie. Òf eie inhoude kan saamgestel word òf die ondernemende onderwyser kan die publikasie op uiters selektiewe wyse gebruik om sy leerlinge bewus te maak van 'n ander sy van Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Selfs al word die publikasie net ter hand geneem deur onderwysers wat vasgevang sit binne die didaktiese grense van Christelike-Nasionale Onderwys sodat hulle kennis kan neem van 'n ander sy van die geheel, kan dit ook al baie help.

A.J. Posthuma